higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5030124)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

444Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ‘n Ideale metode om ouers aan ‘n skoolfunksie te herinner, is deur …

A die skool se kennisgewingbord.
B die plaaslike gemeenskapskoerant.
C mondelinge reklame (‘word of mouth’).
D ‘n boodskap saam met die kind huis toe te stuur.

1.2 Om vir ‘n kinderonderhoudstoelae te kwalifiseer, moet die enkelma minder as … per jaar verdien.

A R30,000
B R446,400
C R60,000
D R223,200

1.3 Die VKO-kurrikulum focus op …

A samewerking.
B kreatiwiteit.
C geletterdheid.
D individuele aktiwiteit.

1.4 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk …

A staan ook as KABV bekend.
B is ontwikkel om die leemte in primêre onderwys se kurrikula te vul.
C verseker dat kinders toegang tot VKO-dienste van hoë gehalte het.
D bevorder inklusiewe onderwys.

1.5 As ‘n VKO-praktisyn, moet jy …

A respek tussen kinders, ouers en kolegas bevorder.
B feite oordra, eerder as om kinders toe te laat om feite te ontdek.
C voor die klas staan om ‘n les te onderrig.
D die onderwysergesentreerde benadering gebruik.

1.6 Ouers kan hul kinders se estetiese ontwikkeling bevorder deur …

A die kind toe te laat om met aandete te help.
B oor die skoonheid rondom hulle te praat.
C die kinders toe te laat om vrye uitdrukking aan hul gevoelens te gee.
D fisiese aktiwiteite.

Kopiereg voorbehou

1.7 ‘n Onderwyser in die grondslagfase onderrig kinders vanaf …

A Graad 1 tot Graad 3.
B Graad RR tot Graad 3.
C Graad R tot Graad 3.
D Graad 1 tot Graad 4.

1.8 Die Graad R-kurrikulum is deur die … ontwikkel.

A Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.
B Departement van Basiese Onderwys.
C Departement van Vroeë Kinderonderwys.
D Departement van Onderwys.

1.9 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n terrein wat in Bronfenbrenner se ekologiesestelsel-teorie identifiseer word nie?

A Chrono-stelsel
B Intro-stelsel
C Ekso-stelsel
D Meso-stelsel

1.10 Die akkommodering van ‘n begaafde kind in die voorskoolse program sal in sluit om ...

A aktiwiteite op die kind se ouderdomsvlak te verskaf.
B die kind toe te laat om met ander kinders te help.
C vir die kind ekstra aktiwiteite te gee sodat die kind nie verveeld is nie.
D aktiwiteite op die kind se ontwikkelingsvlak te verskaf.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die ouer is die kind se (sekondêre/primêre) onderwyser.

2.2 Kinders jonger as vier jaar volg ‘n (formele/informele) kurrikulum.

2.3 Die Graad R-kurrikulum het drie leerareas, naamlik geletterdheid, gesyferdheid en (mensvaardighede/lewensvaardighede).

2.4 Kinders leer hoe om hulle te gedra deur ander (na te boots/te bestudeer).

2.5 ‘n Pleegouer kan vir ‘n (sorgafhanklikheidstoelae/kinderonderhoudstoelae) aansoek doen.

2.6 Beplanning deur die VKO-praktisyn moet aktiwiteite ooreenkomstig die kinders se ontwikkelings- (ouderdom/vlak) insluit.

2.7 Kinders word as (aktiewe/passiewe) deelnemers aan die leerproses beskou.

2.8 Die (Onderwyswitskrif 6/Kinderwet) erken en moedig kinders van alle vermoënsvlakke aan om by hoofstroomskole ingesluit te word.

2.9 Die skool, ouers en die gemeenskap vorm ‘n (verhouding/vennootskap) in die jong kind se onderwys.

2.10 (Effektiewe Praktyk/Beste Praktyk) kan as die ‘ideale’ situasie beskou word.

2.11 (Effektiewe Praktyk/Beste Praktyk) is die mees realistiese praktyk wat ‘n skool of gemeenskap aanvaar.

2.12 Daaglikse aktiwiteite en programme fokus op die (holistiese/fundamentele) ontwikkeling van die kind.

2.13 Stappe in ‘n mens se loopbaanvordering word jou (loopbaandoelwit/loopbaanroete) genoem.

2.14 Vroeë kinderontwikkeling val onder die (Departement van Maatskaplike Dienste/Departement van Basiese Onderwys).

2.15 ‘n Effektiewe VKO-program moet (betrokke/‘hands-on’/’onbetrokke/hands-free’) ervarings gebruik.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

3.1 Die ervarings van ‘familie’ in die vroeë jare vorm die grondslag vir alle ander leer.

3.2 ‘n Liefde om boeke te lees word deur kognitiewe ervarings gestimuleer.

3.3 Vlugtelingkinders het geen reg op onderwys in Suid-Afrika nie.

3.4 Ouers se betrokkenheid by die kind se opvoeding en onderwys sal verseker dat sowel die ouers as hul kinders ‘n beter ingesteldheid teenoor die sentrum het.

3.5 Naskoolsorg en dagsorg kan beskou word as veilige alternatiewe vir jong kinders wat tuis bly.

3.6 Kinders is daarvoor verantwoordelik om hul eie kulturele bewustheid te skep.

3.7 Wanneer kinders liedjies geleer word, moet dit net in die kind se moedertaal wees.

3.8 Taal en woordeskat word ontwikkel wanneer leerders aan fantasiespel deelneem.

3.9 Die Reggio Emilia-benadering tot leer moedig kinders aan om hulself uit te druk.

3.10 Identifisering en oplossing van probleme is ‘n voorbeeld van ‘n kruisterreinuitkoms.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Hierdie assesseringsinstrument word deur die praktisyn gebruik om aantekeninge te maak terwyl hy of sy die kinders waarneem terwyl hulle met hul aktiwiteite besig is.

4.2 Hierdie assesseringsinstrument weerspieël die lys kriteria wat waargeneem moet word, en die onderwyser sal dit hetsy afmerk, of ‘ja’ of ‘nee’ opskryf.

4.3 Hierdie assesseringsinstrument het ‘n lys kriteria, saam met verskillende prestasievlakke.

4.4 Evaluering van die leerder deur sorgvuldige waarneming en goeie rekordhouding.

4.5 Die tipe assessering wat aan die begin van die leerproses gedoen word.

4.6 Hierdie assessering is voortdurend en word regdeur die jaar gedoen.

4.7 Hierdie assessering word aan die einde van die leersessie gedoen om te bepaal of die uitkomste bereik is.

4.8 Hierdie tafel word gebruik om voorwerpe uit te stal wat die leerder kan hanteer en sy/haar eie ontdekkings maak.

4.9 ‘n Area waar leerders kan rolspeel en werklike gebeure kan vertolk.

4.10 Die fisiese, emosionele en sosiale omgewing waarin die leerders hulle in onderwys bevind.

4.11 Hierdie grafiek word gebruik om leerders te onderrig oor hoe die lug en lig buite is op ‘n bepaalde dag.

4.12 Die kaart om mense se verjaarsdae bymekaar te vertoon.

4.13 Die kaart wat gebruik word om konsepte soos opeenvolging (gister, vandag, more) te onderrig.

4.14 Hierdie grafiek/dokument help jou om afwesigheidspatrone te identifiseer.

4.15 Die term wat gebruik word om leerders met spesiale behoeftes in hoofstroomskole in te sluit.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 5

5. Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (5.1–5.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Refleksie	A	teen 12 maande
5.2	bewysportefeulje	B	9 maande
5.3	Mylpaal	C	‘m reeks doelwitte wat gewoonlik in uitkomste uitgedruk word
5.4	VKO-kurrikulum	D	teen 6 jaar
5.5	Gemiddelde ouderdom waarop op ‘n kind loop	E	standaarde wat deur ‘n beroep gestel word
5.6	Die kind kan ‘n groot bal vang	F	24 maande
5.7	Etiek	G	teen 3 maande oud
5.8	‘n Kind begin kruip	H	evaluering van gebeure
5.9	‘n Kind kan sy/haar naam skryf	I	vaardighede wat op ‘n bepaalde ouderdom bereik word
5.10	Begin om met maats te speel	J	voorbeelde van leerder se werk
5.11	Daaglikse skedule	K	Verskaf opleiding in die VKO-veld
5.12	Ontwikkelingsgepas	L	Maak voorsiening vir jong kinders en bied ‘n verskeidenheid aktiwiteite, bv. balspeletjies
5.13	‘n Sakeplan	M	Stel jou in staat om te beplan en moontlike probleme te voorsien
5.14	NRO	N	Sluit aankomstyd in
5.15	Speelsentrum	O	bevorder betekenisvolle leerervarings
		P	teen ongeveer 3 jaar
		Q	Oggendaktiwiteite

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Oueres moet geleenthede vir hul kinders bied en hulle lei om gelukkige en suksesvolle volwassenes te word.

6.1.1 Gee DRIE voorbeelde van hoe ‘n ouer ‘n positiewe selfbeeld in hul kinders kan bevorder. (3 × 2) (6)

6.1.2 Gee DRIE voorbeelde van hoe ‘n ouer hul kinders se sosiale ontwikkeling kan bevorder. (3 × 2) (6)

6.2 Lees die aanhaling hier onder en beantwoord die vraag wat daarop volg:

> ‘Die doel van vroeë kinderonderwys moet wees om die kind se natuurlike begeerte om te leer te aktiveer.’
>
> *Maria Montesorri*

6.2.1 Hoe kan dit in die VKO-sentrum bereik word? (4 × 2) (8)

6.2.2 VKO-praktisyns moet ‘n opregte liefde vir die kinders in hul sorg hê.
Noem VYF maniere waarop die VKO-praktisyn haar liefde vir haar leerders kan toon tydens haar interaksie met hulle. (5)

[25]

VRAAG 7

7.1 Maak-en-bak-aktiwiteite vorm deel van ‘n genotvolle kurrikulumervaring.
Bespreek kortliks SEWE konsepte en vaardighede wat by hierdie aktiwiteit betrokke is. (7 × 2) (14)

7.2 7.2.1 Watter benadering tot vroeë kinderontwikkeling moedig die kind aan om deur sy/haar omgewing en die natuur te leer? (1)

7.2.2 Verduidelik kortliks EEN voorbeeld van hoe ouers hul kinders deur die natuur kan onderrig. (2)

7.3 Kinders met spesiale behoeftes moet in die klaskamer ondersteun en akkommodeer word. Verduidelik kortliks hoe dit in elk van die volgende scenario’s bereik kan word:

7.3.1 ‘n Leerder in ‘n rolstoel wat fisiese aktiwiteite doen

7.3.2 ‘n Leerder wat sukkel om te leer

7.3.3 ‘n Hiperaktiewe leerder

7.3.4 Die gemeenskap moet die leerder met spesiale behoeftes ondersteun.

(4 × 2) (8)

[25]

VRAAG 8

8.1 Jy werk reeds jare lank in die VKO-sektor en voel nou gereed om jou eie sentrum te open.

8.1.1 Identifiseer DRIE personeellede wat jy in diens sal moet neem en noem elkeen se hoofrol. (3 × 2) (6)

8.1.2 Noem AGT administratiewe aktiwiteite van die VKO-sentrum. (8)

8.1.3 Hoe sal jy 'n gesonde verhouding met die ouers van die kinders in jou sentrum verseker? (6 × 1) (6)

8.2 'n Belangrike deel van die daaglikse skedule by die voorskoolse sentrum is *vrye spel*.

Noem enige VYF binnenshuise aktiwiteite wat vir vrye spel opgestel kan word en vir 5-jarige kinders geskik is. (5)
[25]

VRAAG 9

9.1 Jy moet jou *Tematafel* vir jou Graad R-groep opstel..
Hierdie week se tema is *Troeteldiere*.
Gebruik die volgende uitleg vir jou beplanning.
Gee jou antwoord vir elk van die volgende vrae deur dit langs die vraagnommer (9.1 1-9.1.3) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

PLAKKAAT:

9.1.1 Gee VIER illustrasies of prente wat jy op jou plakkaat sal insluit. (4)

9.1.2 Skryf 'n geskikte opskrif soos wat dit op jou plakkaat sal verskyn. (1)

TAFEL:

9.1.3 Noem VYF items wat jy op die tafel sal neersit. (5)

9.2 Bestudeer die Dagprogram hier onder en rangskik die aktiwiteite in die korrekte volgorde.

DAGPROGRAM VAN PADDINGTON BEAR VOORSKOOLSE SENTRUM:

- Toiletroetine
- Oggend-ring
- Groepsaktiwiteite
- Oggendsnoephappie-tyd
- Vrye spel (5)

9.3 9.3.1 Verduidelik hoe spel 'n belangrike leermetode vir jong kinders is. (4 × 1) (4)

Bestudeer die illustrasie hier onder en beantwoord die vraag.



Kinders bou met gekleurde blokkies

9.3.2 Bespreek DRIE aspekte van holistiese ontwikkeling wat in die prent hier bo plaasvind. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 10

10.1

> Verpligte voorskoolse onderwys vir SA se kinders moet gratis wees vir diegene wat die nie kan bekostig nie, sê onderwyskenners. Die ontwikkeling van wetsontwerp is reeds vier jaar lank aan die gang, en wanneer die proses afgehandel is, sal die parlement 'm openbare aankondiging oor die status van die wysigings maak.

https://www.iol.co.za/saturday-star/news/compulsory-pre-school-for-sas-kids-should-be-free-for-those-who-cant-afford-it-say-education-experts-59ea1c5a-26d6-49de-808c-60194c809d24

10.1.1 Die aanhaling hier bo beklemtoon TWEE belangrike inisiatiewe wat die regering tans strategies beplan om in die VKO-sektor te implementeer. Noem hierdie twee inisiatiewe. (2)

10.1.2 Skryf DRIE ander inisiatiewe neer wat die regering reeds in ons land geïmplementeer het om gehalte in die VKO-sektor te bevorder. (3)

10.2 Jy moet die kinders in jou klas gedurende beplande aktiwiteite assesseer. Skryf neer watter faktore jy in jou assesseringsbeplanning in gedagte sal hou. (10 × 1) (10)

10.3 As 'n VKO-praktisyn moet jy 'n joernaal (rekord) hou van die ervarings wat jy met die kinders het gedurende die lesse/aktiwiteite wat jy met hulle aanbied.

Stel jou JOERNAAL saam deur die volgende vrae te beantwoord:

10.3.1 Hoe kan ek die kinders se taalvaardighede deur liedjies en stories ontwikkel? (2 × 2) (4)

10.3.2 Hoe kan ek dit vir die kinders meer prettig maak om getalle te leer? (2 x 2) (4)

10.3.3 Noem TWEE aktiwiteite waarin 'n vyfjarige kind se koördinasievaardighede geassesseer kan word. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou